DS. J. J. VAN WAGENINGEN, *Numeri, in Serie De Bybel, toegelicht voor het Nederlandse Volk*, J. H. KOK, N. V. KAMPEN, s.j.

Die boek Numeri behoort nie tot die mees-gelese boeke van die Bybel nie en daarom is ons die skrywer dankbaar dat hy hierdie werkie onderneem om so die boek vir die gewone Bybelleser te verklaar. Na 'n kort inleiding op die boek gaan die skrywer oor tot die behandeling van die inhoud self. Ons vind dit jammer dat die teks wat hier gebruik is nog die is van die Statevertaling. As die nuwe vertaling gebruik was as grondslag, dan sou veel van wat in die verklaring gesê is, ongesê gebly het. As voorbeeld kan ons noem Num. 2:2, p. 12, waar die uitdrukking „rondom tegenover de tent der samenkomste" verklaar word met „op een afstand rondom . . . ", dieselfde as wat ons lees in die nuwe vertaling. Dit is ook die geval by Num. 11:7-9, waar die skrywer 'n verklaring gee, wat vrywel ooreenstem met die N.B.G. lesing. Dieselfde opmerking geld ook van verskillende ander tekste. Dat die skrywer op p. 64 skrywe dat alleen Moses, Abraham, Kaleb, die volk van Israel as geheel en die Messias, „kneg van die Heere" genoem word is 'n oorsig. Wat dan van Josua, Dawid, Eljakim, Job, Elia, Jona, Serubbabel en selfs Nebukadnesar?

Die werkie sal met vrug gebruik word deur die belangstellende leser.

E. S. MULDER.